

<https://www.netwerk24.com/Sake/Landbou/ander-praktyke-nodig-om-voedsel-te-verseker-se-vs-kenner-20210412>

LANDBOU

Kopskuif nodig om genoeg kos te verseker

Deur Marietjie Gericke

13 April 2021 06:25

Om voedselsekerheid in die land te verseker sal 'n kopskuif van boere na ander praktyke vereis.

Dit hoef nie groot stappe te wees nie, net 'n stap in die regte rigting.

So het dr. Astrid Jankielsohn, senior navorser van die Landbounavorsingsraad se Kleingraaninstituut by Bethlehem gesê in 'n voorlegging aan die Wes-Kaapse LUR vir Landbou, dr. Ivan Meyer.



Die Wes-Kaapse LUR vir Landbou, dr. Ivan Meyer, (links) is tydens 'n Vrystaatse besoek ingelig oor volhoubare landbou deur dr. Astrid Jankielsohn (middel), senior navorser by die Landbounavorsingsraad se Kleingraaninstituut buite Bethlehem, en deur Brad Goldblatt, (regs), 'n boer van die plaas St. Fort buite Clarens.

Meyer is tydens 'n Vrystaatse besoek ook deur Brad Goldblatt, 'n boer van die plaas St. Fort buite Clarens, en sy familieledes oor volhoubare landbou hier toegelig.

In haar sessie het Jankielsohn gesê groot uitdagings in die landbou bedreig voedselsekerheid.

Klimaatverandering is die opvallendste, maar die interverwante faktore soos menslike bevolkingsgroei en 'n verlies aan grond-biodiversiteit – met die getal dierspesies wêreldwyd wat daal – het ook 'n groot uitwerking.

“Elke spesie het ’n doel in ’n ekosistelsel, maar soos wat hulle verminder kan hulle nie meer die werk in die ekosistelsel doen nie.

“Omdat die ekosistelsel dan nie meer funksioneel is nie, kan dit die voedselproduksie beïnvloed.”



Dr. Ivan Meyer, Wes-Kaapse LUR vir Landbou, agter die stuurwiel van 'n trekker op St. Fort.

Gevolgtik neem insekteplae toe. Gewasse word so aangetas dat produksie verlore kan gaan.

Voorts tas die landboumodel van mono-kulture (met net een gewas in die grond) en intensiewe gebruik van chemiese middels biodiversiteit ook aan.

Vir funksionele en volhoubare stelsels is die ekosistelsel-funksies nodig wat biodiversiteit meebring, sê Jankielsohn.

Volgens haar is bewaringsboerdery noodsaaklik sodat daar terugkeer kan word na natuurlike ekosistelsels met die grond wat minimaal of glad nie geploeg en bewerk word nie, wat baie van die lewendige organismes vernietig.

“Grond word dus eerder beskerm om die diversiteit terug te bring in die landboustelsels,” sê sy.

Die praktyke sluit die gebruik van dekgewasse soos radyse of peulgewasse in, wat plantdiversiteit verhoog en habitate skep vir makro-invertebrate soos insekte. Dit sluit ook spinnekoppe, duisendpote en honderdpote in. Vee word geïnkorporeer, wat mega-herbivore soos beeste terugbring.



Jankielsohn sê boere soos Goldblatt pas dié praktyke toe om volhoubare ekostelsels te skep.

In 'n navorsingsprojek word miskruiers gebruik om die sukses van die praktyke vir verhoogde biodiversiteit te meet. Die voorlopige opnames het gewys miskruier-bevolkings is hoër as in konvensionele landboustelsels.

In die praktyk beteken dit dat chemiese middels soos kunsmis, swamdoders en ander landboumiddels in bewaringsboerdery beperk of uitgeskakel word totdat die ekostelsels herstel en chemiese middels geleidelik teruggebring kan word.

'n Vrystaatse voorbeeld is waar boere nog hul graangewasse soos mielies, soja, koring en sonneblom binne daardie stelsels verbou, waar dekgewasse saam met kontantgewasse geplant word om diversiteit te verhoog. Nadat daar gestroop is, word vee op die lande laat wei sodat die diere die grond lostrap. Vee en saaiboerdery word dus gekombineer.

Meer miskruiers keer terug as gevolg van die veemis en die plantegroei is ook beter.

Dr. Roy Jankielsohn, Vrystaatse DA-leier en Astrid se eggenote, sê die Wes-Kaapse regering besef hy moet sy wenresepte vir landbou met ander provinsies deel.

Meyer het die Vrystaat besoek omdat dit die tweede grootste ekonomiese bydrae tot landbou ná die Wes-Kaap lewer.

“Dr. Meyer was beïndruk met die boere se inisiatiewe om vir hulself te sorg in die afwesigheid van 'n funksionele staat in die Vrystaat.

“In die Wes-Kaap word boere ondersteun met onder meer internasionale bemarking van kommoditeite, plattelandse veiligheid, navorsing, droogtehulp, en berading in tye van nood,” sê hy.